AfriForum Jeug

Mediaverklaring
14 Maart 2010

AfriForum Jeug loods "Stop Malema"-veldtog

AfriForum Jeug het die naweek 'n omvattende "Stop Malema"-veldtog van stapel gestuur. Die veldtog sal uit verskeie aksies bestaan, wat 'n webwerf, protesoptog, petisie, SMS-lyn, hofsaak en Facebook-groep insluit. Die veldtog is geloods in reaksie op Malema se onlangse "Skiet die boer"-uitsprake. Dit is ontwerp om aan die publiek die geleentheid te gee om op interaktiewe manier by die veldtog betrokke te raak en by te dra om Julius Malema tot verantwoording vir sy optrede te roep.

Al die inligting oor die veldtog is by www.stopmalema.co.za en die "Stop Malema" Facebook-groep beskikbaar. Die webwerf bevat onder meer:

- 'n Vertaling van Malema se "Skiet die boer"-lied;
- 'n Petisie wat deur AfriForum en AfriForum Jeug in die Gelykheidshof teen Malema gebruik gaan word om die publiek se afkeur in Malema se optrede te wys;
- 'n SMS-lyn waardeur mense R10-00 tot die hofsaak en veldtog kan bydra deur die woord "STOP" na 38655 te SMS (met ander woorde elke SMS kos R10-00);
- 'n Aankondiging van en uitnodiging na 'n protesoptog wat op Vrydag, 19 Maart, by die ANC se hoofkantoor in Johannesburg gaan plaasvind;
- 'n Skakel na die "Stop Malema" Facebook-groep, waarop verdere aankondigings oor die veldtog gemaak sal word;
- Die hofstukke wat deur AfriForum en AfriForum Jeug teen Malema by die Gelykheidshof ingedien het.

AfriForum Jeug se nasionale voorsitter, Ernst Roets, het verduidelik dat die webwerf geskep is nadat AfriForum Jeug oorval is deur oproepe en e-posboodskappe van mense wat erg ontsteld is deur Malema se optrede en aangedui het dat hulle by die veldtog betrokke wil raak.

"Malema het te ver gegaan. As burgerregtegroep en lede van die publiek het ons almal 'n plig om ons stemme dik te maak en protes teen Malema se optrede aan te teken. As ons stilbly en dit aanvaar, beteken dit dat ons sy optrede goedkeur."

Die protesoptog begin Vrydag, 19 Maart 2010 om 10:00 voor die Johannesburgse Biblioteek (hoek van Simmonds- en Presidentstraat), vanwaar na die ANC se hoofkantoor (Sauerstraat 54) gestap sal word. By die geleentheid gaan 'n griefskrif, sowel as 'n lys van 1 600 slagoffers van plaasaanvalle (wat vroeër deur die ANC Jeugliga geweier is) oorhandig word.

Ernst Roets
Nasionale Voorsitter: AfriForum Jeug